# Liturgiese Riglyne

*PINKSTER – UITSTORTING VAN DIE HEILIGE GEES*

**SONDAGOGGEND 9:00**

## Julle krag lê in stil wees en vertroue hê op God

**Skriflesing:** Jes 30:1-33

**Teksvers**: Jes 30:15

**Sing**:
Sb 8-1:1,2
Ps 38-1:1,15,17
Lied 241:1,2
Ps 68-1:2,9
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Besluite en aksies wat jy neem het konsekwensies. Keuses wat jy maak het gevolge. Beskerming wat jy vir jouself in eiewaan en selfvoldaanheid maak, kan verkrummel en tot niet gaan. Wie op aarde kan jou beskermer of vertroueling wees? Keer terug na God. Vertrou op God. God alleen is ons Beskermer. Pasop as jy op iets of iemand anders vertrou. Luister na God. By God alleen is genade.

Ons gaan na drie punte kyk:

- God se teregwysing Jes 30:1-7
- God se opdrag Jes 30:8-18
- God se genade Jes 30:19-26

**SONDAGAAND 18:00**

## Die Heilige Gees getuig van ons hemelse kindskap

**Skriflesing:** Rom 7:19-8:30

**Teksvers:** Rom 8:14 - 17

**HK**: Sondag 19

**Sing**:
Ps 47:1, 3 en 4
Ps 97:1, 4 en 5
Sb 8-1:1 en 2
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Ons gedenk vandag die uitstorting van die Heilige Gees tydens die Pinksterfees, 10 dae na die hemelvaart van ons Here Jesus Christus. Dit is ook wat vermeld word in ons belydenis in So 19 van die HK.

1. Hoekom is die hemelvaart belangrik tov Christus se heerskappy?
   *Kolossense 1:18 en Efesiers 1:20-23*
2. Wat is die pinksterfees? Hoekom is die Heilige Gees uitgestort tydens die pinksterfees?
   *Numeri 28:6, 26-31, Handelinge 2:1-36 veral vers 33*
3. Watter verandering bring die uitstorting van die Heilige Gees vir ons?
   *Romeine 8:1 ev*
4. Hoe kom die Gees ons te hulp?
   *Matteus 28:18-20, Romeine 8:26 ev Johannes 14:16 ev*




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA — DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 45 Nr 20 31 Mei 2020**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## Daar sal waarskynlik goeie mense in die hel ook wees!

*<u>Lees</u>: Mat 19:16-30; Mar 10:17-31; Luk 18:18-30*

Baie keer dink mense dat die hemel net vol "goeie mense" is en die hel vol "slegte mense". Baie keer dink ons: Wat kan ek nog doen wat "goed" is sodat ek God kan beïndruk, of iets kan doen wat darem tot my voordeel is om in die hemel te kom. Baie keer dink ons dat wat ek doen belangrik is vir God se besluite oor my.

God wil nie iets van jou hê nie, alles behoort aan hom. God wil jou hê, Hy wil jou hart hê, Hy wil gehoorsaamheid hê, Hy wil hê dat ons sy wil moet doen. Ons lees van hierdie jongman, wat baie ryk was, en wat alles gedoen het wat hy moes, hy het die gebooie onderhou, maar Jesus sê vir hom: "Gaan *verkoop alles wat jy het en volg My*!"

Dit was vir hom baie swaar. Hy het bedroef weggegaan. Tog het hy na Jesus toe gekom in nederigheid, hy het gehardloop, hy het gebuig voor Jesus, Hy het Hom in eerbied aangespreek en eerlike vrae gevra. Ons lees in Mar 10:21 dat Jesus hom liefgekry het. Maar hierdie versoek van Jesus was te veel vir hom. Hy het bedroef geraak. Hoe kan jy sommer maar alles wat jy het verkoop?

Jesus het hier verseker bedoel dat die jongman God nog nie volkome liefgehad het met sy hart en siel en verstand nie. Hy het nog te kort geskied. Sy besittings was vir hom nog baie belangrik. Daarom moet ons onthou dat ons goeie werke ons nie in die hemel bring nie. Ons rykdom bring ons nie in die hemel nie. Ons godsdienstige lewe bring ons nie in die hemel nie. Ons geloof in Jesus Christus, bring ons in die hemel.

Jesus Christus was dié volmaakte mens. Jesus Christus was volkome gehoorsaam aan sy hemelse Vader. Jesus Christus het niks op aarde gehad nie, alhoewel alles aan Hom behoort het, het Hy nie geroem op aardse rykdom nie, Hy het op 'n donkie gery, maar Hy het altyd die wil van sy Vader gedoen. Hy het liefgehad tot aan die kruis. Hy het sy dienswerk op aarde volbring. Glo in Jesus Christus as jou enigste weg na die hemel. Dien God in liefde en in dankbaarheid. Vra altyd vir genade op genade.

Ds. Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*

Volg die skakels is op ons webwerf by http://gkcenturion.co.za/ en luister/kyk na:

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Skakel gerus u: Ds, Ouderling of Diaken ingeval van nood.

Kerkkantoor word nie tans beman nie, u kan ’n epos stuur na kerkkantoor@gkcenturion.co.za

---

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |


***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:** Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



Vanaf die Susters

### Veranderinge aan aktiwiteite 2020 en die Vrydag-Grendel-Winkel



Elke jaar sien ons uit na die saamkuier geleenthede op die kerkkalender. Hierdie jaar bied egter uitdagings en teleurstellings vir ons wat hierdie beplande geleenthede betref. Wanneer die einde van die inperkings gaan wees, is steeds onseker vir ons almal. Maar ons kan steeds bydra en saamwerk aan nuwe aktiwiteite en aksies by die kerk.

Daarom het die Susters dit goedgedink om te begin met die “Vrydag-Grendel-Winkel” gedurende Junie. Ons eie aanlynkermis! Alle fondse wat ingesamel word, is ten bate van die “Skep Hoop Fonds” van die diakonie.

Daar gaan elke week ’n nuwe lys van produkte gestuur word wat teen die Woensdag van elke week bestel kan word. Jy kan dan Vrydag jou bestelling tussen 16:00 en 18:00 by die kerk kom haal. Alle veiligheid- en gesondheidmaatreëls word getref met die voorbereiding van die produkte asook die afhaal van bestellings by die kerk.

Die proses gaan soos volg werk:

- Bestellys word aan die gemeente gestuur.
- Bestellings word via sms of whatsapp geplaas by die nommer verskaf.
- Na die plasing van bestelling, ontvang jy ’n verwysingskode wat gebruik moet word wanneer jy die betaling in die Susters se bankrekening doen. Geen kontant sal hanteer word nie en alle bestellings moet vooraf betaal word. Wanneer jy jou bestelling geplaas het, sal hierdie besonderhede en wat jy volgende moet doen ook weer aan jou gestuur word as bevestiging dat die bestelling ontvang is.

Let asseblief daarop dat die kos koud gaan wees en in sekere gevalle sal die vleis reeds gaar wees, maar jy gaan dit steeds by die huis moet warm maak of bak. Tans op die beplanning is hoenderpasteie, kerrie en rys, vetkoek en maalvleis, jaffels, appeltert en melktert, saam met die droë vrugte wat altyd by die kerk verkoop word, asook heerlike koekies en konfyt. Die lys van produkte gaan afgewissel word en elke week gaan nie presies dieselfde wees nie.

Hierdie jaar moet ons kreatief raak oor hoe ons steeds saam in iets kan deel, sonder om bymekaar te wees.

Kyk uit vir die eerste bestellys wat hierdie week uitgestuur gaan word. Lekker eet!

# Vrydag-Grendel-Winkel

**Bestellings sluit 3 Junie 12:00**

**Plaas bestellings by Liana 071 6000 368**

**Bestellings kan 5 Junie tussen 16:00 en 18:00**

**by kerk opgetel word**

| | |
|---|---|
| Hoenderpastei (2 porsies, Hoender gaar/kors rou) | R40 |
| Appeltert | R45 |
| **Koekies** (500g) | |
| Keuse: van | |
| Gemmer /Koffie /Choc Chip | R50 |
| **Konfyt** (500g) | |
| Keuse van: | |
| Aarbei/Appelkoos/Fyn vye/Perskesnippers | R50 |

**Droë Vrugte:** (500g behalwe waar anders aangedui)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ongeskilde perskes | R45 | Geskilde perskes | R60 |
| Gemaalde perskes | R45 | Nektariens | R50 |
| Pruimedante | R45 | Gemengde Vrugte | R50 |
| Vrugte lekkers | R40 | Appelringe (250g) | R35 |
| Pere | R45 | Vrugtevlokkies (250g) | R40 |
| Perskerolletjies (100g) | R15 | Pererolletjies (suikervry 100g) | R15 |



# Ons gee om vir Mekaar

"...die Here sal my onder sy sorg neem." Ps 27:10

- Marijke Mostert sterk aan na 'n operasie (A2—664 2976).
- Pierre van Rensburg sterk aan na 'n operasie (C8—074 889 0921).
- Karin Verreynne het 'n oogoperasie ondergaan (C11—663 3727).
- Elna de Bruin sukkel met haar gesondheid (A2— 083 664 2050).
- Meeleweing word betuig met :
  - Corne en Alida Smuts na die afsterwe van Corne se broer.
  - Marthinus en Sylvia Krynauw en familie na die afsterwe van Sylvia se moeder.

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Dag van Verootmoediging en gebed

"Die Klassis Potchefstroom vind dit daarom goed om in die lig van die omvang van die pandemie die kerke binne die GKSA op te roep tot 'n Dag van Verootmoediging en gebed op DV 31 Mei 2020. Hierdie oproep word nie uitgebring in stryd met enige van die bestaande regulasies rakende die verbod op samekomste nie."

## Alethea Ministry

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

***Broadcast every Sunday at 11:00***

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Sustentasiefonds

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Teologiese studentekas

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie

# VERJAARSDAE

***"...U sorg vir my." Ps 16:5***

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31 Mei | Sonia | Maritz | C06 | 27843699497 |
| 01-Jun | Corinda | Erasmus | B16 | 27827828588 |
| | Zenel | le Roux | B04 | 27731813406 |
| | Tinus | Prinsloo | B04 | 27828940982 |
| 02-Jun | Mari | Coetzee | B14 | 27824195552 |
| | Jeske | vd Walt | A12 | 27746120066 |
| 03-Jun | Phia | Venter | A11 | 664 5222 |
| 04-Jun | Armand | de Beer | B10 | 27716796621 |
| | Cathy | de Klerk | C09 | 27833039757 |
| | Sunette | Fourie | C05 | 27834066414 |
| | Susan | Grobler | C01 | 27846044422 |
| 05-Jun | Annamarie | van Wyk | B06 | 27724081354 |
| 06-Jun | Sylvia | Krynauw | B13 | 27636910019 |
| | Rene | Maritz | A01 | 27833483056 |
| | Mandie | Potgieter | B04 | 27823536618 |
| | Alida | Smuts | A14 | 27833065038 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31 Mei | Chelsea | Kruger | A10 | 27718777915 |
| 01-Jun | Heinrich | Kotze | A16 | 27837300933 |
| 03-Jun | Kara | Nagel | C10 | 27844072196 |
| 06-Jun | Chanté | v Aswegen | A04 | 27605250089 |

Metode om tot die ***2 Miljoen Bybels-projek*** by te dra:

Betaal jou skenking per EFT in die GK Centurion se bankrekening met verwysing: ***Bybelgenootskap***

## Jesaja - die Oorblyfsel

Beleef ons huidige grendeltyd teen die agtergrond van Israel se ballingskap.

Die Jesaja Bybelstudie onder leiding van ds Maarten van Helden is in 2018 afgesluit met 'n aanbieding van 'n aangrypende gedig wat hy geskryf het en Skrifgedeeltes wat voorgelees is saam met toepaslike musiek.

'n Opname daarvan is op DVD beskikbaar teen R100. Skakel vir Johann Verreynne (082 554 9416) om jou eksemplaar te bestel.


**Hoop & Help** Pastorale en Life Coaching berading, gratis. Esther du Plessis 0718682257.

**Bouplanne**—Skakel Tertius Horak 082 925 6015 vir enige argitek werk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en gebouplanne insluitend Stadsraad goedkeurings.

**Dringend op soek na werk vanaf** huis. Ek het al die nodige rekenaarprogramme en ek doen enige tipe tikwerk, vertalings en proefleeswerk. Rina Burger 0828538215/rina.burger@vodamail.co.za.

**Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal**? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Het u 'n meubelstuk wat vra vir herstelwerk?** Het u kaste waarvan die skarniere, laaispore, slotte ens nie meer werk nie? Kontak my asb vir 'n gratis kwotasie. Jan Reesink 079 455 4580.

Grendeltyd is opruimtyd! En dan ontdek jy weer jou vergete langspeelplate, klankkassette en VHS-videobande, maar kan dit nie geniet nie... Skakel Johann Verreynne (082 554 9416) om dit **oor te plaas op CD of DVD**.

**Damesstudent benodig verblyf** gedurende 2021 naby Centurion Akademie. Hennie Briel (pa) 083 6565 437.




## SKEP HOOP FONDS

Die taak van die diakonie is om in die gemeente van Christus die diens van gemeenskapsbeoefening en liefdesbelewing te onderhou, te bevorder en uit te bou as die konkrete belewing van die liefdesgemeenskap tussen die kinders van God. Die diakonie voel dus geroepe om, gegewe die uitdagings wat ons lidmate met die huidige COVID-19 pandemie ondervind, die diakonale werk binne ons gemeente te versterk.

Die diakonie verwag dat die gewone diakonale dienswerk nie voldoende gaan wees nie, en dat daar 'n groter nood is wat nou reeds aangespreek moet word. Hierdie is dus 'n liefdevolle meelewing van die hele gemeente, ter ondersteuning van mekaar in nood. Daarom begin die diakonie met die "Skep Hoop Fonds" en vra dat lidmate asb die fonds moet ondersteun.

Die fondse wat ingesamel word sal uitsluitlik vir barmhartigheidswerk binne ons gemeente aangewend word, en spesifiek om gemeentelede wat finansiële probleme ervaar as 'n direkte gevolg van die pandemie en die meegaande staat van inperking.

Lidmate kan bydraes direk in die Diakonie se rekening oorbetaal of via Zapper:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589
Verwysing: Skep Hoop

Skakel asb u diaken, ouderling of predikant indien u hulp verlang of stuur 'n epos aan: skephoop@gkcenturion.co.za.

Alle aansoeke om van die fonds gebruik te maak sal **STRENG VERTROULIK** hanteer word deur die Diakonie. Volledige proses om van die fonds gebruik te maak is op die GK Centurion web beskikbaar.

Marius Gerber 082 327 2949; Rudy Kruger 082 468 6035; Petra Swanepoel 082 927 7324 (Blok A - Voorsitter); Lourette van den Berg 082 269 2894 (Blok B - Voorsitter); Theuns Louw 082 815 4272 (Blok C - Voorsitter)

## Katkisasie

Die weke gaan voort en steeds is katkisasieklasse by die kerk nie moontlik nie. Ons doen dus weer 'n beroep op ouers om toe te sien dat daar gereeld aan die katkisasie gewerk word.

Ons vra van ouers om die program soos aangedui op die jaarkalender te volg met die katkisante.

Indien die program gevolg word, is die werk wat vir hierdie kwartaal geskeduleer is afgehandel op **7 Junie**. Wanneer ons mekaar weer by die kerk sien kan ons dalk weer die lesse herindeel en bietjie hersiening doen.

Baie sterkte en seën met die werk wat u doen, ons besef dit is moeilik om elke dag al die werk ingepas te kry. Mag die Heilige Gees ons elkeen lei, elke oomblik van die dag.